

Bestuur van skape in droogte toestande

Nuusbrief – Maart 2018

Niekie de Wet

Die Suid-Afrikaanse landbou ken droogtes. Droogtes is onvoorspelbaar en baie duur, dit sorg veral vir 'n verlaging in reproduksie wat gepaard gaan met swak vleis- en wolproduksie as gevolg van die verswakking van die weidingsgehalte. Die droogte kan beheer word deur goeie bestuur en goeie beplanning. As droogtes egter vir 'n paar jaar lank aanhou, soos nou, sal weidings erger verswak wat lei daartoe dat produksie sodaande verlaag word en dat veeverliese vererger word. Skape wat swaarkry in die droogte kan ook duidelik gesien word in die wintermaande. Deur te kyk na ons weiding kan ons sien wanneer weiding min raak en wanneer ons aanvullings moet bygee. As weidings dood lyk, maar nog groen lote het weet ons die weidings het nog goeie voedingswaarde, maar as die weiding dood is met geen groen lote nie, dan sal 'n aavulling of volvoer voeding gegee moet word.

Dit is belangrik om onder andere op die volgende bestuursriglyne te fokus gedurende droogtes:

1. Korrekte bestuur van weidings
2. Opbou van reserwes
3. Water
4. Voer volgens voedingsbehoefte
5. Prioritiseerde voeding
6. Voerbeplanning

1. Korrekte bestuur van weidings

Bepark veegetalle en probeer dus so om reserwes op te bou. Ons moet onthou dat die bekostigbaarste en goedkoopste voedingsbron natuurlike weiding is. Beplan dus rondom die natuurlike weiding vir volgehoue produksie. Die regte aantal kleinvee eenhede per hektaar moet aangehou word.

2. Opbou van reserwes

Die hoof fokus moet wees om in goeie tye genoeg voer aan te koop of te produseer en te probeer opberg. Voer wat se voedingswaarde nie vining verswak nie kan vir langer tydperke opberg

word, soos byvoorbeeld hooi, gras, mieliestronke en kuilvoer. Hierdie tipe voer word dikwels gesien as geld mors, maar kan in die droogte tye liewers gesien word as n belegging wat vee aan die lewe kan hou. Daar kan ook gekyk word om alternatiewe voere te plant, wat meer droogtebestand is. Droogtevoer soorte soos byvoorbeeld soutbos en garingboom kan ook ingespan word in droogte tye, maar moet reg bestuur word. Skape moet eers gewoon raak aan die soutinhoud van die soutbos en garingboom se blare kan gemaal word vir voeding. Hierdie voergewasse kan onderhou word in droogte toestand, en kan van groot waarde wees in droeë tye. Tydens droogtevoeding moet gewaak word teen oorvreet van kos, maak diere dus stadig gewoon, vir lang tydperke totdat hulle aangepas is. Voeding wat gevaarlik kan wees is weiding wat groen is, maar verlep vertoon byvoorbeeld kanola. Hou diere verskieslik weg van sulke weidings.

3. Water

Skape moet elke dag blootstelling tot water hê, indien dit nie die geval is nie, kan diere binne 'n week tot tien kilogram gewig verloor. Skape se liggaam bestaan grotendeels uit water en water sal bepaal hoeveel droeë material skape sal eet. Skape kan in warm dae tot vyf liter water drink. Waterkrippe moet op strategiese punte geplaas word in die kampe, anders sal diere vêr loop, dus word energie vermors en voeding word nie reg benut nie.

4. Voer volgens voedings behoeftes

Die grootste tekortkomende nutriënt tydens droogte is energie. Kyk eers watter tipe voer is beskikbaar vir voeding, daardeur kan ons beplanning doen om te voer. Die beste droogtevoer in droogte is n volvoer rantsoen byvoorbeeld droogtekorrels. Hierdie korrels help dat sommige skape nie te veel kragvoer eet nie, en ook dat ander nie net ruvoer inkry nie. Skape wat nog in goeie kondisie is en wat nie te veel gewig verloor het nie byvoorbeeld 'n kondisiepunt van tussen twee en drie moet gevoer word, diere wat te veel gewig verloor het weier baie keer om te eet, en het 'n baie swak eetlus.

5. Prioritiseerde voeding

Swaar dragtige ooie is baie sensitief vir ongunstige voedingstoestande en moet dus reg gevoer word. Indien die ooie ondervoed is kan die volgende probleme ontstaan:

- Ooi produseer nie genoeg melk nie
- Lammers kry nie genoeg melk nie en word gelos
- Domsiekte kan voorkom
- Reproduksie van jong lammers kan groot skade lei

Die voedingsbehoefte van jong aanteelooie is laag, so ook die van droeë ooie die ooie herstel ook baie vining na droogtes en kan dus makliker gevoer word.

6. Voer beplanning

Tydens droogtes kom daar tekorte aan ons weidings voor naamlik:

- Energie
- Fosfaat
- Proteïene
- Koper

Dit is baie belangrik dat daar seker gemaak moet word dat diere die regte voeding moet kry. Voerspasie is baie belangrik en daar moet voorsiening gemaak word vir 300 mm voerspasie per skaap. Voedingsfrekwensie is ook belangrik. Daaglikse voedings in ekstensiewe gedeeltes kan daartoe lei dat sterker diere die meeste vreet, en dat swakker en kleiner diere weggedruk word by die voerbakke. Weeklikse voeding in die ekstensiewe gedeeltes het die voordeel dat elke dier genoeg kan vreet. Die doel van die voedingsmetodes moenie wees net om diere aan die lewe te hou nie, maar ook nie om net vet diere aan te hou nie. Verder kan diere ook 'n beter vreetkans gegee word deur jou diere te skei volgens grootte. Deur diere twee keer per week te voer kan wolproduksie verbeter word. Om dragtige ooie daaglik te voer is die beste. Voerkoste kan bespaar word deur volwasse skape, en ooie saam te voer.

Slotsom

Die knersende droogte laat ons almal kyk na alternatiewe metodes om aan die lewe te kan bly. Tog het die droogte ten bate dat dit vir ons ons swakste diere uitwys wat nie goed genoeg kan aanpas by

die omstandighede nie. Hierdie diere moet liewers uit die kudde gehaal word om sodoende ons kuddes te verbeter.